

Lesse te leer by SA skaapboer van die jaar



Nelius van der Westhuizen

Danie de Lange van Feedmaster het al die pad van Namibië saam met Charlie Hodgson van Veekos op Upington, 'n filiaal van Feedmaster, 600 km verder na Loxton se wêreld gereis om 'n vername klant, vanjaar se skaapboer van die jaar in Suid-Afrika, op sy plaas te besoek. Dit het inderdaad fyn beplanning geverg om 'n dag vas te maak wat die besige Nelius van der Westhuizen pas, en steeds het dit dol gegaan met skaapkopers wat gekom en gegaan het. Daar aangekom was die verrassing groot toe Nelius vlot in Duits groet nadat hy verneem het 'n man uit Namibië is saam met Charlie. Nelius het sestien jaar gelede vier maande lank op Swakopmund gewerk waar Herr Zigi Böckendorfer van die eertydse Kaizer Schlachtereij sy leermeester was. Hy is dus heel behendig met die maak van polonies en ander Duitse vleisprodukte, maar konsentreer nou doelgerig net op sy groot skaapboerdery in die Karoo – dit waarvoor hy eintlik opgelei is met 'n B.Com.-landbougraad wat hy aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het. Vir Danie was dit belangrik om hierdie voorslag-boer namens die Feedmaster-suksesverhaalspan te besoek en sy storie ook in Namibië te vertel. Danie se ervaring van Nelius was dat hy weet wat hy wil hê en meet om daarby uit te kom. "Nelius is 'n passievolle boer, en hoewel hy in sy skik kan wees met sy vordering, stel hy vir hom deurlopend hoër mikpunte." Hoewel dit niks met boerdery te make het nie, was die versoeking groot om Nelius ook te pols oor die beroemde misdaadskrywer Deon Meyer wat Loxton sy skryfdorp gemaak het. "Hy is gewis goeie advertensie vir Loxton. Huise op die dorp is opgeknop en almal is bewoon. Die dorp is nou sommer oulik en netjies. Hier is al selfs drie rolprente gemaak." Danie, Feedmaster se tegniese adviseur in die suide van Namibië, en Marietjie van Staden van AgriForum (in 'n mindere mate) vertel hiernaas Nelius se boerderyverhaal – ook aan die hand van 'n omvattende PowerPoint-aanbieding wat Nelius vir sy ope dag op sy plaas in Mei voorberei het. Die opkoms by dié geleentheid was bo verwagting goed met 180 boere wat opgedaag het en party wat moes staan. Nelius het die foto's verskaf.

Vyf geslagte se spore lê op die plaas Juriesfontein en die aangrensende Brandfontein tussen Loxton en Fraserburg in die Noord-Kaap waar Nelius van der Westhuizen, vanjaar se skaapboer van die jaar in Suid-Afrika, nou die leisels op sowat 22 000 ha hou. Ewe geskiedkundig is die plaashuis wat uit 1876 dateer en steeds bewoon word nadat 'n paar veranderinge vir groter gerief aangebring is.

Nelius boer in die winterreënvalstreek waar die gemiddelde reënval op 235 mm per jaar staan. Hy en sy ouer broer, Eben, boer sedert 1999 in vennootskap, maar sedert 2013 woon Eben in Somerset-Wes nadat hy 'n goeie werkaanbod gekry het. Sy oupagrootjie het 'n Merino-stoet gehad en sy oupa se swaer het weer met Blinkhaar-Afrikaners geboer. So is die twee rasse al baie jare deel van hul boerdery – hoofsaaklik Merino's, met 'n stoet van 400 ooie en 'n kommersiële boerdery van 2 600 ooie. Die Blinkhaar-Afrikaners word merendeels vir slaggoed gebruik en van die ramme as koggelramme in die Merino-kudde. Nelius verkoop jaarliks sowat vyftig koggelramme aan omliggende boere. Hy en sy broer se diere word as 'n eenheid bestuur en roteer tussen die twee plase. Die boerdery-inkomste bestaan 75% uit vleis en 25% uit wolproduksie.

Nelius is getroud met Tia, 'n nooi van Fraserburg in die omgewing. Die egpaar het twee dogters, Isabel (6) en Suzanne (4). Tia staan self in vir voorskoolse onderrig, veral vir Isabel wat volgende jaar vir haar eerste skooljaar by 'n nabygeleë plaasskool ingeskryf word. Daarvoor het sy die nodige agtergrond omdat sy in 'n sielkunderinging aan die Universiteit van die Vrystaat gestudeer het.

Resep vir suksesvolle skaapboerdery

Doeltreffende roofdierbeheer en finansiële bestuur, die feit dat elke ooi moet lam (verkieklik meerlinge deur middel van genetiese verbetering), omvattende rekordhouding en 'n sterk fontein waaruit 20 ha onder lusern in die somer en hawer en gars in die winter besproei word, lê onder meer die grondslag vir Nelius se suksesvolle skaapboerdery.

"Voor elke hooflamseisoen maak ons die volgende plaas 'skoon' van jakkalse en rooikatte om lamverliese te beperk," sê Nelius. Jakkalse word beheer deur die roepmetode, vangysters, jag met honde en wanneer nodig word 'n helikopter ingespan. Nelius ervaar die grootste sukses met roep en vangysters in normale toestande. Daarby word die minder stewige heinings met swaar ysterklippe vasgepak om die jakkalse en rooikatte uit te hou. Vir rooikatbeheer word vanghokke gebruik waarin ou CD's gehang word sodat die blink hul aandag trek.

Nie een van die gewasse onder besproeiing word gesny of gebaal nie. "Ek laat my stoetooie op die lande paar (24 dae-paarseisoen) en die lammers word daar gespeen."

Verder meen Nelius doeltreffende bestuur en kontrole is nie moontlik sonder



'n Troppie Merino-oilammers op aangeplante lusern. Gewasse onder besproeiing (lusern in die somer en hawer en gars in die winter) word nie gesny of gebaal nie. Stoetooie word hier gepaar en hul lammers word hier gespeen.

paarseisoene nie. Omdat hy in die winterreënvalstreek boer, is sy hoofpaarseisoen van 1 tot 24 November, met aanvullende parings van 1 tot 24 Maart en 1 tot 24 Julie.

Soos dit 'n suksesvolle boer betaam, is Nelius lid van 'n studiegroep, dié van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV). Hy gebruik ook die NWKV se boerdery-ontledingstelsel. "Rekordhouding is een van die belangrikste hoekstene van 'n boerdery, want dit help jou om te besluit waar om te verander of te verbeter ten opsigte van bruto winsgrens, netto boerdery-inkomste en uitgawes."

Inligting van die ontledingstelsel span Nelius in om sy netto boerdery-inkomste (NBI) per kleinvee-eenheid of per hektaar voortdurend te verhoog deur:

- nie direkte koste (byvoeding, dieregesondheid en reproduksiehulpmiddels) per ooi te besnoei nie
- optimale bestokking van 80% van die amptelike drakrag van die omgewing
- maksimum inkomste deur verhoogde lampersentasie en optimale wolproduksie
- verlaagde vaste koste deur groter te boer, want dit gee 'n skaalvoordeel, en
- te bly bestee aan die diere solank as wat die bruto winsgrens bly styg.

Daarby maak Nelius gebruik van die tegniese dienste van Cape Mohair and Wool (CMW), een van die twee grootste wolmakelaars in Suid-Afrika. "In my geval is Johan Botes van CMW 'n groot hulp. Benewens veld- en voedingdienste help hy om die skape te klas, is hy behulpsaam met wolbemarking en tree hy op as stoetadviseur." Hy voeg by dat die bekende dr. Jasper Coetzee hom aanvanklik gehelp het om 'n stewige grondslag vir voeding en skaapbestuur te verseker.

Voorts word boekhouding en administrasie nie afgeskeep nie. "Vroeg soggens, voor my boerderydag begin, is ek eers op kantoor – so tien ure per week."

Een van sy beste boerderybesluite nog spel hy as volg uit: "Ek het in 2000 begin om die regte lekaanvullings te gee ongeag in watter seisoen die ooi lam. Juis omdat ek natuurlike weiding as die goedkoopste voerbron beskou, verhoog ek diereproduksie met lekaanvulling. In die vorige finansiële jaar was my uitgawes aan aanvullende voeding N\$300 per ooi."

Skouprestasies bly nie ook nie agterweë nie. Op die afgelope twee nasionale Merino-kampioenskappe het die Van der Westhuizen Broer Stoet heelwat plasing gekry. By plaaslike skoue op Loxton en Prins Albert het hulle ook al verskeie ram- en ooi-kampioene vertoon.

Hoe gemak om speenpersentasies van 125 tot 160 te handhaaf?

Die kort antwoord is dat Nelius alles tot sy



Twee Blinkhaar-Afrikaners wat as koggelramme gebruik word. Nelius van der Westhuizen verkoop jaarliks sowat vyftig van hierdie ramme aan boere in die omgewing.

beskikking gebruik om die beste moontlike speenpersentasie te verseker. Dit sluit in koggelramme, prikkelvoeding, kort paarseisoene, dragtigheidskandering, aanvullende voeding, vroeg speen en roofdierbeheer.

Prikkelvoeding en die gebruik van koggelramme maak dit hier moontlik om 'n baie goeie besettingsyfer te handhaaf met paarseisoene so kort as 24 dae.

Veekos se Energielek en Super Lammerooilek word as prikkelvoeding gebruik. Al die ooie word ná paring vir dragtigheid geskandeer, geweeg en dan verdeel na gelang van een- of meerlinglammers. Die ooie wat dragtig is met tweeling laat Nelius nader aan die huis lam, terwyl die ander in gewone kampe lam. Die troppe word apart bestuur en die ooie kry onderskeidelik 350 g en 450 g Veekos Super Lammerooilek per dag.

Groot ooie kry selde 'n tweede kans, maar jong ooie wel. Elke ooi wat nie lam nie, kry 'n spesiale oorplaatjie en word so gou as moontlik bemark. Nelius glo dat die 15% ooie wat in sy boerdery oorslaan, slegs met goeie bestuur en streng seleksie laag gehou kan word. Ooie sonder lammers word weer in die winter gepaar en ooie met tweeling, wat meer intensief bestuur word, word ná speen dadelik weer gepaar.

Jong ooie word agt weke voor paring geweeg en kry Veekos Energielek indien hulle te lig is, want elke ras het 'n spesifieke teikenmassa vir goeie besetting.

Om hoë lampersentasies te handhaaf bly hy selekteer vir tweeling en is tot 65% tweeling by groot ooie en sowat 25% by jong ooie.

Laat dragtige ooie kry lek in selfvoerders wat in "oop" kruipvoerhokke staan. Die hekke word toegemaak sodra die voorste lammers tien dae oud is en dan word Veekos Kruipveekorrels vir die lammers gegee. Nelius gebruik 48 selfvoerders in sy boerdery.

Kleiner troppe lammerooie verseker beter bestuur en minder lamverliese. Troppe word beperk tot 200 eenlingooie en so min as 25 tweelingooie. Die lammers word vroeg gespeen

op tussen vyf tot agt weke ouderdom en bly kry Kruipveekorrels tot 25 kg lewende gewig. Hy gebruik sowat 38 kruipvoerhokke met gemiddeld vier hekke per hok. Die lammers word dan geleidelik oorgesit op Veekos Skaapafrond tot op 35 kg lewende gewig tussen 110 en 134 dae. Hierdie lammers word as stoorlammers verkoop nadat Nelius die meeste van die potensieële groei op sy grond benut het.

Nelius wys daarop dat sy plaas se produksie sedert 2005 konstant bly styg as gevolg van –

- seleksie vir tweeling
- seleksie van slegs vervangingsooitjies uit lammers wat vroeg gebore is
- groter seleksiedruk uit 'n lampersentasie van 150%
- fetus-oorlewing van minstens 90%
- nog beter prestasie met beter genetika, en
- addisionele reaksie op byvoeding vir die beter genetika wat 'n sneeubal-effek het.

Die voordeel van meerlinge (twee- en drieling) het hy aan die hand van 'n eenvoudige som verduidelik wat oor vier jaar 12 ekstra lammers vir hom gegee het met 'n bykomende inkomste van N\$14 700.

Genetiese verbetering het hy volgens die tabel hieronder voorgedra:

Speen 80%	Speen 130%
Boer met 100 ooie	Boer met 100 ooie
Speen 40 ooilammers	Speen 65 ooilammers
Kies 25 vir vervanging	Kies 25 vir vervanging
Verkoop 15	Verkoop 40
Selekteer 62,5%	Selekteer 38,5%

Bemarkingswiele loop glad

Die Van der Westhuizen-boerdery slaag daarin om tot 3 200 lammers van 2 000 ooie te bemark en Nelius, op veertigjarige ouderdom nog in sy fleur, reken daar is ruimte vir verbetering. Ofskoon die minste reën in 34 jaar in die vorige seisoen gemeet is, 86



Danie de Lange



Só lyk die stand van goeie weiding danksy doeltreffende bestuur. Nelius van der Westhuizen het die voordeel van goeie gemengde bossie- en grasveld vir sy skaapboerdery. Boesman-, soet- en knietjiegras kom hier die algemeenste voor.



Een van die 38 kruipvoerhokke met gemiddeld vier hekke elk wat Nelius van der Westhuizen gebruik. Hy het ook 45 selfvoerders geïnstalleer vir doeltreffender voedingbestuur.

Lesse te leer by SA skaapboer

85 is normale vleis- en wolproduksievlakke gehandhaaf. Nelius skryf dit hoofsaaklik toe aan die weidingstelsel tussen die drie plase, spaarveld en lang rusperiodes vir herstel, matige bestoking en aanvullende voeding.

Vir die "ou" ooie het Nelius 'n mark by ander boere in sy omgewing geskep, wat meebring dat die ooie ná hul vierde produksiejaar uitgeskot word. Hy verdien dus 'n premie op die ooie omdat ander boere nog met die ooie boer en hul wol skeer. Hy het die maatreël ingestel nadat hy agtergekom het dat die aantal fetusse wat in die jonger groep ooie oorleef beter is en bydra tot 'n hoër lampersentasie. Nadat vervangings-ooitjies geselekteer is, word die surplus ook aan ander boere verkoop.

Soos reeds vermeld, word al die lammers vroeg gespeen en bly hulle op Kruipveekorrels totdat hulle sowat 25 kg weeg. Op dié gewig word lammers dan met Skaapaf rond gevoer tot 35 kg en as stoorlammers verkoop.

Volhoubaarheid en infrastruktuur

Vir volhoubare boerdery moet die langtermyn-drakrag van 'n plaas akkuraat bepaal en bestuur word, glo Nelius. Sy raad is om infrastruktuur te onderhou ten spyte van koste, want sonder 'n bewerkte plaas kan jy nie jou diere optimaal bestuur nie.

Nelius glo daaraan om infrastruktuur te skep ten einde werk te vergemaklik. Hy het onlangs twee skure en krale by die opstal oorgedoen en die krale gedeeltelik onder dak gesit. Vir voedingbestuur is 38 kruipvoerhokke en 45 selfvoerders geïnstalleer. 'n Paar jaar gelede is ordentlike paaie langs al die grensheinings aangebring en 'n oop lyn met 'n buurman toegespan vir beter roofoedbeheer. Kampe is gemiddeld 500 ha.

Om waterleiwerk te vergemaklik is die lande met behulp van lasertegnologie gelyk gemaak. Die blokke is so vergroot en dit verg nou minder moeite om die voergewasse nat te kry. Nelius en sy broer het ook al hul hand gewaag aan 'n boerepatent wat werk – 'n boks waarin 'n sement-sluis gegiet is wat met 'n ysterplaat oopgemaak word vir besproeiing en weer toegemaak word.

Ook presies in arbeidsbestuur

Soos 'n presiese boer te werk gaan, volg Nelius arbeidswetgewing nougeset. Elke werker het 'n getekende kontrak. Verder werk sy ses voltydse werkers net van Maandae tot Vrydae. Hy beperk oortyd tot die minimum.

Nelius het twee voormanne, wat al jare by hom werk, uit sy werkers geïdentifiseer en hulle bemagtig. Vir bou- en windpompwerk kontrakteer hy mense uit die omgewing. Skeerspanne word ook gehuur wat binne enkele dae hul werk afhandel.

Uitdagings in vandag se boerdery-omgewing

Nelius se advies aan medeboere is om altyd aan wins te dink. "Die res van die probleme wat 'n negatiewe uitwerking op wins het, kan dan aangespreek word. As jou oog op wins bly, sal jy weet wat jou uitdagings is soos byvoorbeeld dat jou ekonomiese eenheid te klein raak of planne gemaak moet word om produksie doeltreffend op te stoot."

'n Persoonlike uitdaging vir Nelius is om vanweë sy bestuursprogram tyd te maak vir 'n bietjie wegbreek. Dit verg ook goeie beplanning om 'n vakansie vir dié bedrywige boer en sy gesin in te pas.



Charlie Hodgson (links), bemerkingsbestuurder van Veekos op Upington, en Nelius van der Westhuizen in gesprek op 'n deel van die 20 ha waarop voergewasse onder besproeiing uit 'n sterk fontein verbou word.



Vir optimale bestuur glo Nelius van der Westhuizen, vanjaar se Suid-Afrikaanse skaapboer van die jaar, aan goeie infrastruktuur. Let op die netjiese pad en die heining wat op die voorgrond met ysterklip versterk is om rooikatte en jakkalse uit te hou. Let ook op die goeie weiding links van die heining op Nelius se grond – gemengde bossie- en grasveld teenoor feitlik net bossieveld met kaal kolle tussenin regs van die heining.



Die Van der Westhuizen-egpaar met hul twee dogters. Pa Nelius met Isabel en ma Tia met Suzanne.